

# **QPro Bypass 34**

(V31227) (Wet 36 van 1947)

## **Produkbeskrywing**

QPro Bypass 34 is 'n hoëproteïenkonsentraat geformuleer met 'n kombinasie van drie tot vier natuurlike proteïenbronne. Hierdie produk bevat geen ureum nie, wat beteken dat die proteïeninhoud van hierdie konsentraat 'n hoëdeurvloeiproteïeninhoud is wat uiters voordelig is vir die groei van jong, lakterende of dragtige diere. Bypass 34 is 'n ideale produk om by te voeg by selfmengsels vir jong uitgroeikalwers, skaap of wild. Hierdie produk bevat ook rumen-beskermde vette wat die energiedigtheid van die rantsoen verhoog en uiters voordelig is vir dragtige en lakterende diere wat hoë energiebehoeftes het.

## **Voeraanbeveling**

Hierdie produk word gemeng saam met NPN-bevattende konsentrete, mielies/mieliesemels (chop) en ruvoer om die deurvloeiproteïenfraksie van die rantsoene te verhoog. Algemene mengsels waarin die produk bygevoeg kan word:

- Lamkruipmeel – stimuleer raam- en spiermassagroei.
- Lamhokkiekorrels of lek vir dragtige/lakterende ooie ondersteun gesonde en optimale groei van fetus en wolfollikels van die lam, stimuleer melkproduksie en help met vloeibaarheid van bies en melk.
- Voerkraalaanvangersrantsoene – stimuleer raam- en spiermassagroei.
- Kontak die QPro- tegniese span vir verdere inligting en hulp met rantsoenformulasies.
- QPro Bypass 34 kan in wildsmengsels ingemeng word om die proteïen van die mengsel te verhoog.
- Bulle vir raam- en spiermassagroei.

**Vir die LIEFDE vir jou**

Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587

## Spesifikasies

Nutriënt	Eenheid	Insluiting
Proteïen (min)	g/kg	340
Vog (maks)	g/kg	120
Vet (min/maks)	g/kg	25/75
Ruvesel (maks)	g/kg	150
Ca (min/maks)	g/kg	8/15
P (min)	g/kg	8

Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak, geformuleer volgens voedingsbehoefte van die dier.

## Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke of losmaat.



DIERE

**Q-pro**  
feeds